

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Dr. Ernst Endres – 19 Junie 2022

VOTUM EN SEËNGROET:

Ek sien na U op,
U wat uit die hemel heers.
²Soos die oë van 'n slaaf
gerig is op die hand van sy eienaar,
soos die oë van 'n slavin
gerig is op die hand van haar eienares,
so is ons oë gerig op die Here ons God,
totdat Hy Hom oor ons ontferm.

³Ontferm U oor ons, Here,
ontferm U oor ons,
want ons het meer as genoeg veragting gehad,
⁴meer as genoeg spot
van oormoedige mense,
veragting van hovaardiges.

SKRIFLESING:

Teks: Daniël 10:11 en 12

Tema: Daniël, geliefde man! (Karakterstudie in uitnemendheid)

Daniël het tydens die ballingskap in Babilonië geleef en hy het 'n baie spesiale plek in die hart van die Here gehad. By verskeie geleenthede het die engele hom aangespreek as "geliefde man". (Dan 9:23; 10:11).

In die vreemde sou hierdie jong uiteindelik uitstyg tot een van die top amptenare in die Babiloniese en Persiese Ryk en 'n geestelike reus in die koninkryk.



DIE JONG MAN DANIËL: DANIËL 1

1) Hy het 'n adelijke afkoms gehad (1:3)

- **Jongmanne** – Die koning het vir Aspenas, sy hoofpaleisbeampte, beveel om uit die Israelietiese jongmanne na die paleis toe te bring,
- **Adelstand van Jerusalem** – Uit die koninklike geslag en uit die geslag van vername mense.

2) Potensiaal: hy was gesond en aantreklik, toegerus met kennis, verstandig, bekwaam en het die potensiaal gehad om diens te doen in die paleis; (1:4)

- **Fisiese voorkoms** – Die jongmanne moes sonder liggaamsgebrek wees, mooi,
- **Intellektuele kapasiteit** – toegerus met kennis, verstandig, bekwaam en in staat om in die paleis diens te doen.

3) Hy en sy vriende het die guns gewen van die hoofpaleisbeampte: (18-10)

- **Keuses** – Daniël het hom voorgeneem om hom nie met die koning se kos en wyn te verontreinig nie en hy het die hoofpaleisbeampte vergunning gevra om dit nie te gebruik nie.
- **Gunstig** – God het die hoofpaleisbeampte gunstig en simpatiek gestem teenoor Daniël.

4) God het hom die gawes verstand en insig gegee asook die vermoë om drome uit te lê. Hulle het geglo dat die “gees van die gode” in hom woon. (1:17,4:18)

- **Begaafd** – God het aan hierdie vier jongmanne verstand gegee en insig in alles wat geskryf is, en ook wysheid. Daniël kon enige gesig of droom uitleë.
- **Gees van die heilige gode** – Lê dit nou vir my uit, Beltsasar, want geen raadgewer in my koninkryk is in staat om dit vir my uit te lê nie. “Jy is daartoe in staat, want die gees van die heilige gode is in jou.” (4:18)



5) **Hy en sy vriende het 'n soliede geloofsbasis gehad: vuuroond-ervaring:** Ons
hoef u nie hierop te antwoord nie:

- Ons het ons God vir wie ons dien.
 - Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en
 - Hy sal ons ook red uit u mag.
- “Selfs as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie, die goue beeld wat u laat oprig het, nie sal aanbid nie.” (3:16-18)

DANIËL, DIE GOEWERNEUR- GENERAAL

6) **Openbare lewe: In sy werk was hy 'n mens van uitnemendheid; (6:4-6)**

- **Buitengewoon bekwaam** – Hierdie Daniël het deur sy buitengewone bekwaamheid so uitblink bo die ander ministers en die goewerneys-generaal dat die koning van plan was om hom oor die hele koninkryk aan te stel.
- *The devil lies in the detail* – Die ministers en die goewerneys-generaal het toe iets teen Daniël probeer kry oor die manier waarop hy die administrasie behartig het, maar hulle kon nie.
- Hulle kon ook geen onreëlmatigheid vind nie, want Daniël was betroubaar en was aan geen nalatigheid of onreël-matigheid skuldig nie.
- “Hulle sê toe vir mekaar: “Ons sal niks teen hierdie Daniël kry nie, behalwe as ons iets kan kry in verband met sy godsdienst.”

DANIËL, DIE GEESTELIKE REUS!

7) **In sy persoonlike lewe het hy hom besig gehou met die studie van die woord en voorbidding vir sy volk; (9:1-3)**

- In sy eerste regeringsjaar het ek, Daniël, uit die Skrifte vasgestel dat volgens die woord van die Here wat tot die profeet Jeremia gekom het, Jerusalem sewentig volle jare 'n puinhoop sou wees.



- ³Daarom het ek my na die Here God gewend in gebed en smeking: ek het gevas, rouklere aangetrek en as oor my kop gegooi. ⁴Ek het tot die Here my God gebid en bely

8) Hy was die “master of his own destiny” (10:12)

Die eerste oomblik. ¹²Hy sê toe vir my: “Moenie bang wees nie, Daniël, want van die eerste oomblik af dat jy jou ingespan het om insig te kry en jou voor jou God verootmoedig het, is jou gebede verhoor. Ek het gekom in antwoord op jou gebede.

Samevattend. (12:3)

³Die verstandige leiers sal skitter met die glans van die hemel self, en dié wat baie mense op die regte pad gelei het, sal vir altyd skitter soos die sterre.

SEËNBEDE:

⁶Bid dat Jerusalem vrede mag hê,
dat hulle wat hom liefhet,
rustig mag woon.

⁷Mag daar vrede wees binne jou mure,
rus in jou wonings.

⁸Ter wille van my broers en my vriende
wens ek jou vrede toe.

⁹Ter wille van die huis van die Here ons God
bid ek dat dit met jou goed sal gaan.

OFFERGAWE:

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapsan betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer



LOLLOS & Lettie

REËNBOOG-STORIES

WONDERLIIGGIEFEES

3 September 2022

10h00 R85 p.p. Kinders en Ouers

NG Kerk Wonderpark BuiteLug Arena

1861 BergLaan Amandasig

Vir meer inLigting & kaartjie verkope

RoeLein 083 256 3169 / Kerkkanfoor 083 266 2804





Wonderliggie Mark

BIED AAN

Demi-Lee Moore

26 Augustus 2022

18:00 vir 19:00

NG Kerk Wonderpark

Buitelug Arena

R100 p/persoon

Kinders 0-6 gratis

Vir kaartjie aankope of meer inligting

012-549 1340

071-915 5136

Wondertliggie Skaapbraai Kuieraand

Buitelugvertoning met Kunstenaar

Gary Forwood

Saterdag 27 Augustus 2022 • 18H00

Wonderpark Buitelug Arena

R100 per persoon

Kaartjie sluit Skaapbraaivleis,
Slaai en Brood in

Eie drinkgoed welkom

Vir kaartjie aankope of meer inligting


Kerkkantoor 012 549 1340

Martie 061 582 4730

Charmaine 071 915 5136

Veilige parkering: NG Wonderpark

Berglaan 1849, Amandasig Akasia



Indien jy bereid is om vir iemand wat dit nie kan bekostig nie, 'n ete te borg, skakel vir Martie by 061 582 4730



Baie dankie vir almal wat alreeds bestanddele gebring het.
Ons benodig asb die volgende bestanddele wat daagliks by die
Kerkkantoor afgegee kan word:

- | | |
|--------------------------------|------------------------------|
| ✓ Tee | ✓ Canderel sweetner |
| ✓ Rooibostee | ✓ Koekmeel |
| ✓ Suikersakkies (wit en bruin) | ✓ Olie (Sonneblom of Canola) |
| ✓ Nescafé / Jacobs Koffie | ✓ Bakpoeier |
| ✓ Nescafé Cuppuchino | ✓ Suiker |
| ✓ Sakkies | ✓ Maalvleis |
| ✓ Hot Chocolate | ✓ Hoenderborsies |
| ✓ Langlewe Melk | ✓ Viennas |



NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins eredienste).

Vir meer inligting kontak die kerkkantoor:

kantoor@ngkerkwonderpark.co.za

